Geliefde Lourensrivierder

Welkom terug, as jy deel was van die skoolvakansie-brigade en indien nie, hoop ek dat die relatiewe "rustiger" paaie en rustyd van kosblik-insit bygedra het tot 'n vakansiegevoel♫♫

Ek en my Grotman het laasweek 'n moeilike woestyntog beleef, maar tipes van God se karakter, hou Hy Sy beloftes gestand en vertroos Hy terwyl Hy saam met 'n mens die pad stap (Jes 43:1-21). Só het Hy op verskillende wyses (deur Sy Woord, deur mense en op enige manier moontlik) elke dag aan ons bevestig dat Hy ons Herder is!

Johan Smit skryf: *"Kan 'n mens ooit genoeg kry van Psalm 23? Hierdie kort psalm is gelaai met deernis en omgee en troos en geborgenheid. Dit is 'n oase in 'n woestyn van lewensnood, 'n veilige hawe teen lewensbedreigende storms. Maar dis nog meer: dis 'n geloofsbelydenis! Om te kan getuig dat die Here my herder is, moet ek gewillig wees om God se skaap te wees. En in die idioom van Bybelse tye was 'n skaap 'n volgeling. Hy het na die stem van sy herder geluister en daardie stem gehoorsaam.*
Die Here is my herder. Ek is deel van God se kraal. My lewe word bewaar deur God se troue liefde. Hy sorg dat ek by waters kom waar daar vrede is. Vrede wat beteken om heel te wees, om 'n vervulde mens te wees. My Herder wil hê ek moet 'n heel mens wees, 'n gelukkige mens, 'n tevrede mens. Wat 'n genade om deur my Herder vertroetel te word. Wat 'n voorreg om my Herder se stem te gehoorsaam. Ons vind in die Bybel ook die beeld van 'n volk wat soos skape ronddwaal, sonder 'n herder, uitgelewer aan die gevaar van wilde diere. Dan verskyn Jesus op die toneel. Hy bied Homself aan as die goeie Herder wat sy lewe vir sy skape aflê. Hy is die Herder wat lewe gee. Petrus sê dat ons almal gedwaal het soos skape sonder 'n herder, maar nou, noudat ons vir Jesus aangeneem het, het ons by ons Bewaker tuisgekom. Tuis in God se kraal. Geborge deur sy versorgende liefde.
Gedeelte kom uit: JOU GOD IS HIER! deur Johan Smit © Christelike Uitgewersmaatskappy.
Jy kan die hele Bybelstudieplan ook op die gratis BybelApp, Youversion, lees. As dit eers afgelaai is, hoef jy nie "aanlyn" te wees om te lees nie. Dit bevat ook verskillende Bybelvertalings.

Ek deel graag met jou die immergewilde en alombekende Psalm 23, maar die Griekwa weergawe en bid dat jy ook met nuwe oë dit sal lees en nuwe ore dit sal hoor....

NUUSKRUMMELS: 4 April 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

DINAMIET KIEDZ & BELOFTELAND
Kinderkerk begin weer Sondag, 7 April @ 09h00. Bring asb jul kindertjies♫

LIFELINE YOUTH
Ons nooi alle jongmense uit om Sondagaand saam te kom kuier♫
#keuses #choices #watterpad #whichroad #lifelineyouth #SHARE

Liewe vriende,
Ons eer die Here wat ons gehelp het om ons boek te voltooi.
Vandag kon ons die boek “Sy arms om ons” by die drukkers gaan afhaal!
Ons gebed is dat die Here met elkeen wie hierdie boek lees, sal praat en dat ons deur die lees daarvan, weereens bewus kan word van hoe groot God se genade oor sy kinders is. Mag Sy Naam deur die boek verheerlik word.



Daar is heelwat mense wie aangedui het dat hulle graag die boek sal wil aankoop. Om dit vir almal maklik te maak, gee ek die reëlings rondom die verkoop van die boek.

- Die boek is nie in die winkels beskikbaar nie – slegs direkte kontant verkope of EFT betalings in die volgende rekening kan gemaak word:

NAAM: WGP BOTES
NOMMER: 62046767268
BANK: FNB
TAK: SOMERSET MALL 200-912
VERWYSING: JOU NAAM & “BOEK”

- Indien die boek by my afgehaal word, is die prys van die boek: R160.00
- Indien ek die boek moet pos, is die prys: R200.00 (verpakking en posgeld ingesluit). Om my te help, moet jy asseblief vir my per epos van die volgende inligting voorsien:
  Volledige adres waarheen ek die boek moet pos.
  Selnommer, sodat ek vir jou die “Tracking nr.” kan aanstuur.
  Bewys van inbetaling.

Baie dankie.
Willem & Annalie Botes ((0836582154)

SNUFFELMARK:

Sedert 16 jaar gelede het die Snuffelmark, wat klein begin het, tot ‘n hoogs suksesvolle diensaksie



gegroei. Elke jaar werk ons vir ‘n gemeenteprojek. Die laaste Woensdag van elke maand word sowat 30 tafels in die kerksaal vol gepak met goedere wat deur gemeentelede geskenk word. *So kry baie artikels wat in huise in onbruik is, nuwe lewe!*
16 Gemeentevroue woeker met mening. Ons het ook ‘n uitreikprogram. Deur die jare is baie persone en instansies (waar daar nood is) onder ons aandag gebring. Dit is ‘n groot voorreg om gereeld aan hulle te skenk. Ons is dankbaar dat ons in 2018 R9 000 kon bydra tot die aankope van ‘n nuwe Dataprojektor vir die kinder -en jeugbediening. Ons het groot waardering vir almal wat so ruim bydra om van die mark ‘n sukses te maak. **Baie dankie**. Tans is daar ‘n tekort aan **KOMBUISWARE, BEDDEGOED, LINNE**, ens. ‘n Spesiale dank ook aan ons koster (Wessel) en sy helpers, Victor en Rose. Sonder hulle hulp sou ons nie die mas kon opkom nie.

Groot dank ook aan die ons Hemelse Vader vir die krag om die taak te verrig.
Snuffelmarkgroete van Gail Fourie en span
Navrae: Gail Fourie @ 0837892190



NUUS UIT ANDER KERK-OORDE

BOEKBEKENDSTELLING: 16 April, 10:00

Kom luister gerus na die boekbekendstelling van die bekroonde skrywer, Barend Vos se nuwe Grootseun-boek by Hottentots-Holland Gemeente op Dinsdag, 16 April 10:00.

Hierdie is ’n funksie vir ALMAL wat gedurende die dag beskikbaar is.
Toegang gratis!
Laat weet asb. die kerkkantoor (021 852 5004) as jy dit wil bywoon.

PAASSANGFEES 14 APRIL, 19:00, NGK MOEDERGEMEENTE SOMERSET-WES

'n Heerlike musikale feesgeleentheid met samesang en besonderse musiek ter viering van Paasfees!
Soliste & musikante: Kyle Seconna, Hilandi du Toit, Grethe van der Merwe, Olga Leonard, Babette Viljoen, Inge Leonard.
Kore: Helderberg Kantory, Somerset-Wes Kerkkoor, Spesiale Feeskoor, Laerskool Beaumont koor.

BERG 80 VERJ: APRIL 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Albertyn	Sara	04/09	89
Barnes	Ann	04/07	82
Botha	Tienie	04/04	84
Holtzhuizen	Lizzie	04/07	85
Rehder	Jan	04/23	93
Rocher	Heloise	04/27	84
Smit	Catharina	04/12	84
Van Der Merwe	Maria	04/30	89
Viljoen	Sus	04/18	83

Num 6:24-26
Die HERE sal jou seën en jou behoed;
die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

KNIEWERK

- Johan Strydom in hospitaal
- Innige meegevoel met Dorothea Schoeman en familie met die heengaan van haar stiefdogter
- Innige meegevoel met Leon Strauss en familie met heengaan van sy moeder, Corrie
- Rina van Deventer (beroerte)
- Caty Huysamen vir gesondheid

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 7 APRIL SE BOODSKAP: JES 43:1-21 (VYFDE WEEK IN LYDENSTYD)

Jesaja het konsekwent gesê dat dit nie God se skuld is dat hulle in ballingskap is nie en dat dit nie God is wat stom en doof is nie, maar hulle wat stom en doof was vir God se Woord.
Daarom is hulle in ballingskap.
Hoe klink God se woorde in Jes. 43: 1 – 4 vir die ballinge? God beloof as't ware 'n tweede Eksodus waar hulle van alle windstreke weer na die Beloofde Land sal terug keer. Wat word as die doel hiervan gegee? Vs 10 sê: "sodat julle My kan ken en in My kan glo en kan besef dat Ek die Here is."
In Jesus begin God se groot herskeppingsdaad. Daarom moet ons ook onthou om vorentoe te kyk en God se nuwe aarde wat Hy vir ons as gelowiges gereedmaak. God se belofte van 'n nuwe hemel en nuwe aarde is vir elke kind van God bedoel. Hierdie belofte van God, wat waar geword het; Jesus Christus se koms, sy lyding, sy kruisdood, sy opstanding, help ons om vorentoe te kyk en seker te wees van 'n nuwe lewe vir elkeen van ons. Niks is daarom op aarde so dood, so vergane, so hopeloos, dat nuwe lewe nie moontlik is nie; nie ons dooie huwelike, gebroke verhoudinge met familielede, probleme met ons kinders, slegte verhoudings by die werk, niks is te stukkend dat God dit nie kan heel maak en nuut maak nie. Die lydende Jesus is ons hoop op God se nuwe dade. Laat die Heilige Gees toe om ons oë oop te maak om dit raak te sien.

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE